# GRENDELTYD LES: ‘n Man na God se hart 1

Hierdie les kan oor ‘n paar aande gedoen word

## 1. YSBREKER

Julle gaan saam as gesin ‘n ‘scavenger hunt’ hou. Daar is ‘n lysie met 5 items wat julle of in die huis of buite moet gaan soek. Vir ‘n ‘scavenger hunt’ word goed nie weggesteek of neergesit nie, jy gebruik dit wat in jou omgewing is.

## ‘n Man na God se hart ‘scavenger hunt’.

**Instruksies:** Gaan soek iets buite of binne die huis wat jou aan die volgende laat dink:

1. Iets wat julle aan ‘n skaapwagter laat dink.
2. Iets wat julle aan ‘n koning laat dink.
3. Iets wat vir julle mooi is.
4. ‘n Ronde, gladde klippie.
5. Iets in die vorm van ‘n hartjie

## 2. KONING DAWID

Vanaand gaan ons na ‘n man kyk wat baie bekend in die Bybel is. As ek die naam Goliat sê, aan wie dink julle? Dawid natuurlik.

- Print die kaart aan die einde van die les uit vir julle om as gesin saam te gebruik.
- Print ook die prentjies uit, asook die lys met teksverse.
- Dit wat julle buite opgetel het gaan julle ook gebruik.
- Soos wat julle die teksverse te lees, gaan julle die prentjies en die goed wat julle opgetel het gebruik om Dawid se lewe ‘uit-te-map’ op die groot blaai.
- Maak seker julle lees die teksverse in die regte volgorde.


## 3. OPSOMMING: Video clip: https://youtu.be/OnNXbj6udy4

Julle het nou ‘n goeie prentjie van die eerste deel van Dawid se lewe gekry. Indien jy toegang tot die internet het, speel die video clip wat al die hoofpunte mooi saamvat vir in geval julle iets êrens gemis het.








**Kaart:**

